


Nomades Voetslaanklub Roeteterugvoer
7-9 September 2018.

Rustig @ Hekpoort, vanaf R560, Gauteng.



Sewe van ons, Marius Stander; Magda Grobler, Wilma Hale; Daphne du Preez; Fritz van Deventer; Paul Snyman en Christie Redelinghuys (sy het haar nooiensvan teruggeneem, as julle verward is oor die vansverandering) gaan saam.

Rustig se terrein is van die mooistes wat ons nog beleef het. Daar is 'n is 'n groot en lieflike tuin, die oorspronklike plaashuis uit die jare toet wat pragtig as gastehuis gerestoureer is, die nuwer plaashuis wat ook as gastehuis ingespan word, 'n restaurant en deftige sitkamer (met 'n asemrowende kaggel) wat agt jaar gelede gebou is, maar pragtig inpas by die ou styl van die ander ou geboue, 'n yslike skitterblou swembad met lêstoel op die grasperk naas die swembad, die stappersakkommodasie en les bes, die luuksste badkamers wat ons nog op 'n stap gevind het. (CR)

Die stappersakkommodasie is aan die bokant van die terrein geleë. Ons slaap in die twee boonste, voorste kamers van die stappersgroepakkommodasie. Elke kamer het drie netjiese, stewige houtstapelbeddens met dik matrasse en 'n skoon paslaken oor elke matras. Onder is 'n mini-kombuisie met 'n tweeklaarstofie, wasbak, 'n groot yskas asook 'n groot yskas/vrieskas-kombinasie. Eintlik is die kombuisie net 'n stoorspasie vir jou kos - dit is maar baie klein en basies - maar die voldoende yskasspasie is 'n aangename verandering. Net soos by die res van die geriewe by Rustig is hier ook aandag aan die afwerking gegee en is die kombuisblaaie van graniet. Die akkommodasie is volledig met elektrisiteit toegerus.

Net buite die kombuisie is 'n mooi groot onderdak kuierarea met die groot oop braaiarea daarnaas waar ons Vrydagaand tot so 10:00 braai en kuier. Ons bêre ons brikette en hout vir Saterdagdaand netjies in 'n hoekie van die lapa.

Ons is net in ons slaapkamers toe 'n groep van sowat twintig manne wat in die res van die stappersakkommodasie bespreek is, opdaag en tot vroegoggend luidrugtig kuier. Dit blyk toe later 'n rampartytjie te gewees het waartydens daar op ons voorstoep gekerjakkter is. Die voornemende bruidegom was skraps in 'n groen Borat-leotard wat net die nodigste bedek, geklee. Die volgende oggend ontdek ons dat die manne ook toe sommer ons hout vir hulle kampvuur opgebrand het sonder om te vra. Onthou dus as jy Rustig stap jy waarskynlik die area met ander sal deel. Die bestuur van Rustig het wel om verskoning gevra en verseker dat die groep nie die volgende aand ons rus weer versteur nie.

Saterdagoggend begin ses van ons die groen Karee-roete te stap. Christie het langs die swembad op 'n lêstoel gelê en boek lees en lekker koel witwyn gedrink.

Ons mis almal die eerste afdraai na die groen roete vanaf die rooi roete en stap gevolglik die eerste sowat 3km van die rooi roete, waar ons weer aansluit by die groen Karee-roete en ons nou op die regte pad onder die kranse bevind. Ons eerste stop is die groot Nuwejaarsgrot waar ons 'n groot fotosessie hou. Ons verwonder ons aan die witkruisarende wat saam met 'n horde ander kleiner voëltjies voor die grot sirkel. Na 'n klein steil entjie kry ons die kleiner Vlermuisgrot in die klofie op. Ons klim nog óp tot waar ons aanvanklik dink dat ons nou die kruin bereik het. By die uitkykpunt is ons veronderstel om die Hartebeespoortdam en Johannesburg se horisonlyn oor die bergreekse te kan sien. Ons sien dit nie die eerste dag nie, maar die volgende dag is die lug helderder en kan ons die uitsig na behore waardeer. Daarvandaan daal ons weer 'n bietjie en stap onder die kranse deur. Paul en Wilma stap die stukkie van die roete, gepas genoem "Braveheart"; van die ander draai om en neem die "chicken run"-opsie. "Braveheart" is 'n kort, gevaarlike stukkie teen die rotse af, maar die twee paadjies kom weer bymekaar. Ons stap in die nekkie by die draadheining op en dan neem ons die Kruinpad. 'n Mens sou ook al met die Kranspad langs kon loop.



Bo-op die berg stop ons vir middagete. Ons sien heelwat van die 'Aloe Pegrae' wat blykbaar net hier in die Magaliesbergarea voorkom. Daarna volg die roete deur 'n interessante rotsformasie. Van die ander



dagstappers gaan ook hier by ons verby. Ons stap ook deur 'n baie unieke dubbel rotsmuur in 'n saaltjie in wat blyk 'n Anglo Boereoorlog-skooling te gewees het. Ons stap verder op en dan oor die berg. Ons kom nog 'n rotsmuur in die volgende nekkie teë. Daarna daal ons steil deur die rotswoede met hul vreemde vorms af. Ons arriveer by die oornag Groendakhuis. Ons slaap egter nie hier oor nie. Teen hierdie tyd het ons nou sowat 9km gestap. Ons rus 'n bietjie en vind ons asems terug vir die laaste sowat 4km se stap. Ons klim met 'n hoë stewige staalleer oor die wildheining en loop 'n draai deur die wildskamp, sonder om enige wild te sien. Daarna loop ons oor die droë dam se damwal en stap terug tot by die Rustig-basiskamp. Die roete is glad nie so maklik nie, maar 'n heerlike sowat 13km se stap.

Behalwe 'n paar lendelam sportjies op van die houtleertjies oor sommige van die heinings en enkele bome oor die paadjie, is die stappaadjies eintlik baie goed gemerk en oral baie duidelik. Daar word juis ook die week en volgende week deur Gerhard van Greunen aan die paadjies gewerk. Ons glo dus die klein haakplekkies sal in die volgende week reggestel word. Nuwe bordjies word ook op al die roetes opgesit.

Ons is so rondom 14:00 terug. Almal rus 'n bietjie, Rustig se bestuur reël dat ons weer hout kry vir die aand se braai, en ontspan sommer net tot die vuurtjie weer so na 17:00 aangesteek word. Die aandluggie byt geniëpsig. Teen 21:00 begin ons bedwaarts keer.



Daar was Saterdag ook oor die vyftig ander dagstappers by Rustig wat ook die paadjies, ablusie- en ander geriewe by die kamp met ons gedeel het. Dit het egter nie te besig gevoel nie.

Sondagoggend net voor 7:30 vertrek ons ses stappers. Christie pas weer kamp op. Ons stap die rooi Witstinkhoutroete van sowat 5.15 km. Ons word weer tot teen die kranse met 'n steilte soos Saterdagoggend uitgedaag. Ons stap weer verby die Nuwejaarsgrot, waar ons verpoos. Ons stap by die volgende nekkie nie weer op na die Vlermuisgrot nie, maar klim met 'n kort houtleertjie af, waarna ons met 'n baie klipperige pad onder die kranse deur oor groot klippe moet stap. Nog houtleertjies en staalpenne maak die paadjie meer begaanbaar en veilig. Ons verlaat die bosse en stap 'n entjie oor die swartgebrande oop veld waar die Suikerbosse begin om nuwe loof uit te druk. Die lewe gaan aan na die vuur.

Ons sien ook die skrikwekkende lere van een van die ander roetes bo ons.

Ons was gelukkig nie daarop nie.

Dan begin ons daal. Ons stap deur 'n boomryke stukkie, en dan skielik na 'n redelike entjie se gelyk stap (teenoor wat ons alreeds gedoen het), sien ons ons akkommodasie daar voor. Dan oor twee klein staalleertjies oor die heining, skoene uit, voete in die groot swembad, of sommer net ontspan met ietsie in die hand. Ons is ongeveer 9:50 terug by die kamp.

Ons almal gaan sit in die restaurant aan vir ontbyt. Janine, die bestuurder, deel ons mee dat die nuwe bestuur nou maar pas so twee weke gelede die restaurant oorgeneem het. 'n Mens kan sien dat daar nog 'n bietjie werk vir die nuwe bestuur voorlê. Ons word met 'n heerlike Engelse ontbyt bederf en kuier lekker. Die tafeldoeke, breekware en eetgerei is pragtig en van hoë gehalte. 'n Groot pluspunt is die lapservette – bietjie styl op 'n stap!

So vanaf 11:00 begin almal stadig oppak en so stuk-stuk die terugtog huiswaarts aandurf.

Dit moet gemeld word dat, sou 'n mens verkies om op Rustig in meer luuksueuse akkommodasie as die stappersakkommodasie te bly, die oorspronklike ou plaashuis vir die wat van geboue met blink ou Oregon-houtvloere, hoë mure met bedrukte staalplafonne en 'n lekker outydse stoep hou, 'n uitstekende keuse is. Dit is uiteraard baie duurder, maar regtig baie mooi. Die huis slaap ses persone. Die huis is met lieflike antieke meubels gemeubileer. Die badkamer is prentjiemooi. 'n Regte bederf vir nostalgiese siele. Nog 'n pluspunt is dat Rustig 'n gemaklike ongeveer 90 minute se ry van Pretoria af is.

{MS:Dankie Christie vir jou proeflees en jou en Paul se regmaak, byvoegings(Hoe sal ek nou weet van groen kledingstukgies) en uitbreidings op die detail(Ja, ons het gestap en nie die swembad se uitsig benut nie).}

Finansies:

Uitgawes: R3182

Rustig: 12xR300(per persoon per naweek):R3600

minus R500 terugbetaling aangesien ons net 7 is.

Brikette (2x4kg sakkies @R25elk en aanstekers): R62

Hout (2 sakkies) R20;

Inkomstes: 7 x R320.00 = R2240

Projek tekort R942

Stapgroete, **Marius Stander**,

Vir Nomades Voetslaanclub.

www.Nomades.co.za

